

Kom sit asseblief hier by Jesus se vuur...een wat goeie hitte afgee

(Vandeesweek sluit ek 'n gedeelte in vanuit die daaglikse rubriek wat ek skryf in die dagblad Beeld)

Mag ek jou oornooi na 'n ander vuur toe, een wat goeie hitte afgee. By daardie oorkantste vuur brand almal seer. Daar baklei almal. Daar stry almal oor wie is die meeste benadeel en verneder. Vroue, mans, kinders, wit swart, gay, straight, oud, jonk en al die res is daar slagoffers. Daar is soveel oop wonde, soveel rou emosies. Kom sit hier. Hier maak die vuur almal warm. Hier is genesing te vind... asook 'n bietjie vrede en rus vir elkeen se gemoed. Hierdie is Jesus se goeie vuur. Ja, daar by die ander vuur sê sommiges dit ook. Maar hulle verstaan nie vir Jesus reg nie. Hulle neem Hom eintlik net in diens vir hulle eie seermaak stories wat almal gedurig laat skuldig voel. Of vir hulle eie agendas vir geregtigheid. By hierdie vuur waar Jesus die Eregas en Gasheer is, sit mense graag hulle seerkry aan sy voete neer. Hier leer hulle om deur die Here se genadige oë na mekaar te kyk, en om met mekaar te praat as regte mense... as kosbare mense! Hier is niemand slagoffers nie. Of weners ten koste van ander nie. Hier is almal begenadigdes. Hulle eie pyn en seerkry word deur die kruis getemper. Hier ruil mense hulle eie verhale op vir Syne. Hier leer almal om Jesus se verhaal bo-oor hulle eie lewensverhale te skryf en om dit oor te vertel en uit te leef. By hierdie vuur is daar warmte en veiligheid, die Here S'n. Kom sit asseblief hier.

deur Stephan Joubert

Gemeente – Algemeen

- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding

- *Bid vir Janine Vorster vir nabyheid vd Here. Sy is ernstig siek. Bid vir Jomar en kinders vir moed om aan te gaan
- *Bid vir Lottie Conradie en familie, sy kry baie swaar. Sy het MS
- *Bid vir Maria Steyn vir volle genesing
- *Bid vir Sampie Swart vir nabyheid vd Here. Hy is siek
- *Bid vir Magriet du Plooy vir nabyheid vd HERE
- *Bid vir Ria Putter vir volkome genesing
- *Bid vir Hennie v Aswegen vir genesing vir sy voete
- *Bid vir Thea Bosman-sy het kanker
- *Bid vir Gerda Jansen vir volkome herstel
- *Bid vir Peet Els vir herstel na breinoperasie
- *Bid vir oom Brummer (Erika se pa) vir nabyheid vd Here
- *Bid vir Myrtle Mans se ma-vir volle herstel na operasie
- *Bid vir T-Nollie-het 'n oog operasie gehad vir volle herstel
- *Bid vir Johan Dettmann-het 'n operasie gehad
- *Bid vir Jan-Harem Pretorius vir volle herstel
- *Bid vir Gerhard Dewinnaar-bid vir volle herstel na glastene

Psalms 19:15

Afrikaans 1933-1953

Laat die woorde van my mond en die oordenking van my hart welbehaaglik wees voor u aangesig, o Here, my rots en my verlosser!



I lift up my eyes to the mountains—
where does my help come from?
My help comes from the Lord,
the Maker of heaven and earth.

Psalm 121:1-2

Onthou om te onthou . . .

Byvoorbeeld baie dankie vir jou dankoffer...

ABSA Sasolburg; Tjek Rekening

Rekno.: 0520580654

Takkode: 632005

Dank Gebede

- Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
- Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
- Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd daar is vir my!
- Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade...**
- HERE, ek het U lief! AMEN



YOU HAVE BEEN
set apart
& *chosen*
FOR HIS PURPOSE.

(Deuteronomy 14:2)

Gedagte vir die week

"BLESS THE LORD,
O my soul:
AND ALL THAT IS WITHIN ME,

BLESS HIS HOLY NAME."

-PSALM 103:1